

Daar is Geskrywe...

**'n Bybelse Uiteensetting
deur Sendeling Ewald Frank**



Hierdie bo-natuurlike wolk het op 28 Februarie, 1963 verskyn naby die berg Sunset, noord van Tucson in Arizona, V.S.A., net soos dit aan Eerw. Branham in 'n visioen op 22 Desember 1962 gewys was. Kan dié 'n teken wees van die naderende wederkoms? Alhoewel die foto van vêr af geneem was, is die aangesig van die HERE tog erkenbaar.

In die tydskrif SCIENCE MAGAZINE van 19 April 1963, was hierdie foto op die voorblad gedruk, met 'n berig deur James E. McDonald van die "Institute of Atmospheric Physics" by die Universiteit van Arizona, in Tucson. Daarin verklaar hy dat daar geen verduideliking vir die verskynsel is nie. In die welbekende LIFE tydskrif van 17 Mei, 1963 was die foto ook met 'n artikel gepubliseer. Die helder wolk was waargeneem in die andersins wolklose blou lug, op 'n hoogte waar daar geen vog is om wolkvorming moontlik te maak nie. Dit is gewis 'n bevestiging van die Almagtige, wie in Sy liefde ook diegene tegemoet kom wie nie glo sonder dat hulle gesien het nie.

VOORWOORD

Met hierdie boekie wens die skrywer om God en Sy Plan met die mensdom aan die leser bekend te maak. Alhoewel ons in hierdie kort uiteensetting maar net enkele dinge kon aanraak, hoop ons dat die Gees van God in die hart van die leser 'n verlange sal skep om dieper te soek.

Ons verteenwoordig nie die siening van enige denominasie nie; ons will eerder dat God self met elkeen spreek deur Sy Woord. Die HERE het Abraham, Isak, Jakob en al die profete vir 'n heilsgeskiedkundige doel gekies, elk met 'n spesifieke taak; so ook die apostels en ander manne deur die loop van die kerkgeskiedenis. Vir ons is dit belangrik om te erken wat God vandag doen, omdat ons steeds lewe in die dae van die Bybel. Op alle gebiede word bybel-profesieë nou vervul. Die HERE is met ons, soos Hy belowe het, tot aan die einde van die wêreld. Hy het die gemeenskap met Sy eie weer herstel en praat met hulle.

Hierdie boekie word in die hoof tale van die wêreld gepubliseer en word gelees in meer as 'n honderd lande. Dit sal waarskynlik ook beland in die hande van diegene van ander godsdienste, of wat ander geloofsrigtings beoefen. Almal weet dat alles wat menslik is, onvoldoende en onderworpe aan foute is. Daarom wend ons onself na die enigste onfeilbare bron, nl., die Woord van God, om betroubare antwoorde op ons vrae te bekom.

My gebed is dat hierdie kort uiteensetting elke leser tot blywende seën sal strek en sal help om 'n persoonlike verhouding met die HERE te het.

Die Redakteur

Kopiereg word voorbehou deur die skrywer en publiseerder, E. Frank

Eerste Uitgawe: July 1987 (Duits)

DAAR IS GESKRYWE

Die grootste skat wat ons in ons hande kan hou, is die geskrewe Woord van God; die hemel en die aarde sal vergaan, maar die Woord van God bly staan tot in ewigheid. Daarin het God vir ons Sy volledige plan met die mensdom geopenbaar. Eers was die gesproke Woord gegee aan die profete, wie dit toe neergeskrywe het. Later gebruik die HERE toe die apostels om Sy getuienis aan ons te laat. So ontvang ons beide die Ou en die Nuwe Testament ter behoud. In die Ou Testament kry ons die skadu-beelde, instruksies en beloftes; in die Nuwe, vind ons 'n oorweldigende verslag daaroor, hoe al die spesifieke skrifte tot op die letter presies vervul word.

Die Nuwe Testament het begin met die vervulling van profesieë. Johannes die Doper was 'n beloofde profeet en onse HERE was die beloofde Verlosser. Ware geloof is geanker in die Woord van belofte. Die geboorte van Jesus Christus, Sy lewe, Sy bediening, Sy lyding en sterfte – alles, tot met Sy opstanding en hemelvaart, het geskied presies soos dit deur die profete vooruit gespreek was. God het die hele verloop van die geskiedenis reeds honderde en selfs duisende jare vooruit laat skrywe. Geskiedkundiges skrywe oor dit wat reeds gebeur het maar God het alreeds aan die begin geweet hoe die einde gaan wees en kon daarom alles vooruit laat skrywe. Is dit nie wonderlik nie!

By die eerste koms was daar meer as 'n honderd profesieë vervul, vanaf die belofte in Genesis 3:15, van die Saad van die vrou wat sal kom om die slang se kop te vermorsel, tot in Maleági 3:1, dat die HERE na Sy heilige temple sal kom. 'n Mens sal gewis verbaas wees as jy al die plekke in die Nuwe Testament merk, waar daar na die Ou Testament verwys word. Die volgende stellings is maar 'n paar voorbeelde: **“soos geskrywe is...”**, of **“soos die skrif sê...”**, of **“sodat die woord vervul sou word wat die HERE deur die profeet gespreek het...”**. In Lukas 24 lê die opgestane Christus aan die twee Emmaus-gangers al die skrifte uit wat op Hom betrekking het, **“en Hy het begin van Moses en al die profete af”**. Ons moet ook vandag dieselfde doen. **Sou ons wil weet wat**

God vandag doen of van voorneme is om te doen, moet ons die ooreenstemmende beloftes in die Bybel vind.

God doen alles volgens Sy Woord en aan die mense sê Hy: *“Want my gedagtes is nie julle gedagtes nie, en julle weë is nie my weë nie, spreek die HERE. Want soos die hemel hoër is as die aarde, so is my weë hoër as julle weë en my gedagtes as julle gedagtes”* (Jes. 55: 8-9). Maar ons moet ook soos Moses uitroep: *“As ek dan nou genade in u oë gevind het, maak my dan tog u weë bekend...”* (Exo. 33:13). Wie werklik genade by God vind, word bekend met Sy weë met Sy volk en het deel aan wat Hy in hierdie tyd doen. Ons moet die skrifte deursoek soos nooit te vore, om seker te wees wat ons moet verwag.

Natuurlik beroep almal in al die kerke, formeel en informeel, hulself op die Heilige Skrifte. Almal sê: “Daar staan geskrywe...” maar al te dikwels word die skrifte dan na elkeen se goeddenke geïnterpreteer en verkeerdelik buite konteks toegepas. Die HERE het die godsdienst-leraars in Sy tyd in so ‘n toestand gevind. Sonder dat hulle dit besef, het hulle die ware Woord van God opsy gesit en die mense verlaaf gemaak aan hul tradisies en leringe (Mark. 7:13). Satan ontken nie die bestaan van God nie (Jak. 4: 1-13), maar hy weet egter hoe om God se Woord meesterlik ‘n ander betekenis te gee of om dit eenvoudig te bevraagteken.

‘n Mens kan aanhoudend sê: “daar staan geskrywe”, “daar staan geskrywe”, terwyl jy jouself van kop tot tone bedek met skrifte, maar nogtans geen goddelike openbaring het nie en jouself heeltemal buite die wil van God bevind. Daar is ‘n hemel-breë verskil tussen ‘n openbaring en ‘n interpretasie. Die een kom van God af en die ander vanaf satan; die een bring lewe, die ander bring dood. Solank soos Adam en Eva die Woord van God geglo en daarvolgens gehandel het, het hulle ewige lewe gehad. Toe hulle egter na die interpretasie van die slang luister, toe haas hulle na hul dood (Gen. 3). Baie het die boom van die lewe verlaat vir dié van die vermeende kennis. Hulle dink hulle is wys, maar is geestelik dood en so dan van God en Sy Woord geskei.

Die vyand het hom op die Woord beroep toe hy die HERE in die woestyn versoek en gesê het: “daar is geskrywe...”. Jesus het geweet dat hy die Woord uit verband geruk het en het elke keer

gesê: “*daar is óók geskrywe...*”. Satan gebruik vandag dieselfde taktiek wat hy in die tuin van Eden gebruik het en sal dit doen tot aan die einde. Hy verlei die mense daardeur, dat hy die Skrif sy eie uitlegging gee, waarteen **2 Petrus** 1:20 ons uitdruklik waarsku. Alle false profete (Matt. 24:24) en alle false apostels (**2 Kor.** 11:13) gee voor dat hulle gesante van Christus is. Satan self verskyn as ‘n engel van die lig: “*En geen wonder nie! Want die Satan self verander hom in ‘n engel van die lig. Dit is dus niks besonders wanneer sy dienaars hulle ook voordoen as dienaars van geregtigheid nie. Maar hulle einde sal wees volgens hulle werke*” (**2 Kor.** 11: 14-15). Deur false interpretasies en verkeerdelik aangevande skrifte word die christen massas vandag onbewustelik mislei.

God se belofde Woord moet ervaar word, nie verduidelik word nie.

God se profetiese Woord moet in die vervulling daarvan waargeneem word.

Onse HERE het die reg, as die belofde Verlosser, om die Heilige Skrif te gebruik om Satan met die Woord te verslaan. So ook besit die bybel-gelowiges, diegene wie die belofde Woord vir hierdie tyd glo, dieselfde autoriteit en mag, wie hulself regmatig op die skrif beroep. Die eintlike vraag vandag is: Hoe kan ‘n mens seker wees, waar die ware Woord gepreek word en waar diegene is wie deur Christus self beveel word en in Sy naam spreek? Aan diegene wie Jesus uitgestuur het, sê Hy: “*Wie julle ontvang, ontvang My; en wie My ontvang, ontvang Hom wat My gestuur het*” (Matt. 10:40). Die HERE sê verder: “*Voorwaar, voorwaar Ek sê vir julle, wie iemand ontvang wie Ek stuur, ontvang My; en wie My ontvang, ontvang Hom wat My gestuur het*” (Joh. 13:20). In die vroeë kerk was dit net diegene wie deur God aangestel is, wie die werklike oproep van die HERE self gekry het (Hand. 22:14).

Elke ware God-geroepe man moet soos Paulus kan sê: “*Maar ek maak julle bekend, broeders, dat die evangelie wat deur my verkondig is, nie na die mens is nie. Want ek het dit ook nie van ‘n mens ontvang of geleer nie, maar deur ‘n openbaring van Jesus Christus*” (Gal. 1: 11-12). Met sy prediking, het Petrus ook daarby aangesluit: “*...maar die Woord van die HERE bly tot in ewigheid. En*

dit is die Woord wat aan julle verkondig is" (1 Pet. 1:25). Die mees kragtige verklaring word deur die apostel Johannes gemaak: *"Ons is uit God; hy wat God ken, luister na ons; hy wat nie uit God is nie, luister nie na ons nie. Hieruit ken ons die Gees van die waarheid en die gees van die dwaling"* (1 Joh. 4:6). In God se koninkryk het menslike filosofieë glad geen plek nie. Gods-manne is draers van die oorspronklike Woord, d.w.s., die reïne goddelike Boodskap.

Onse HERE Jesus het gesê: *"Want Hy wat God gestuur het, spreek die woorde van God..."* (Joh. 3:34). In Johannes 8:43 vra Hy die vraag aan die skrifgeleerdes en Fariseërs: *"Waarom ken julle my spraak nie?"*, en gee dan ook die antwoord: *"Omdat julle na my woord nie kan luister nie"*. In vers 47 sê Hy vir hulle: *"Die wat uit God is, luister na die woorde van God, Daarom luister julle nie, omdat julle nie uit God uit is nie"*. In elkeen is die moonlikheid om vas te stel of dit waarin hy staan uit God is, d.w.s., of hy *die hele* Woord van God glo sonder enige innerlike weerstand of argumentering. Gewoonlik lees die een wat preek net 'n bybelteks en gee dan sy eie gedagtes sonder om binne die perke van God se heilige Woord te bly. Die tyd vir grondige ondersoek het aangebreek. *Alles* wat op godsdienstige gebied geskied, moet met die Woord van God vergelyk word. Wat ons glo en leer *moet* voor God bestand kan wees.

Op grond van 'n openbaring gaan Paulus na Jerusalem om te vergelyk of dit wat hy preek ooreenstem met die oorspronklike Woord wat van die begin af geleer was. Hy lê die evangelie uit, wat hy aan die heidene verkondig het, soos hy self gesê het: *"...dat ek nie miskien tevergeefs sou loop of geloop het nie"* (Gal. 2:1-3). 'n Suksesvolle bediening is nie genoegsame bewys dat die prediking die waarheid is nie. In God se oë is selfs die uitdryf van duiwels, wonderwerke, profesieë, ens., nie voldoende nie (Matt. 7: 21-23). Jesus het ons teen die vals-gesalfdes in die end-tyd gewaarsku: *"Want daar sal valse christusse en valse profete opstaan, en hulle sal groot tekens en wonders doen om, as dit moontlik was, ook die uitverkorenes te mislei"* (Matt. 24:24). Daarom is dit noodsaaklik dat die prediking en die praktyke vergelyk moet word met die oorspronklike apostoliese leringe, net soos Paulus dit gedoen het. Weens die afwykings vanaf die Woord van God, wil onse HERE ook vandag sê: *"Maar tevergeefs vereer hulle My deur leringe te leer*

wat gebooie van mense is" (Mark. 7:7). Wat nie volgens God se Woord geskied nie, word verwerp. "*God is Gees; en die wat Hom aanbid, moet in gees en waarheid aanbid*" (Joh. 4:24). Die Woord van waarheid en die Gees van waarheid, werk altyd tesame. Predikers mag nie en durf ook nie na menslike diskresie oordeel nie. Wie ookal God en Sy program will verstaan, moet Sy onfeilbare Woord deursoek; daarin is die wil van God geopenbaar.

EEN IN DIE GEES

Die verlange na eenheid was nog altyd in die mens maar voor God was nog altyd net dit bestand wat volgens Sy wil en op Sy bestemde manier tot stand kom. As daar ooit 'n tyd was dat Sy kinders een moet wees, dan is dit nou. Maar hoe sou hierdie eenheid daaruit sien? So 'n gewigtige vraag kan net deur die Woord van God betroubaar beantwoord word. Lank genoeg het mense probeer om hul planne te verwesenlik. Vandag wil God die reine waarheid daarvoor aan Sy kinders bekend maak.

Die oproep na eenheid, vrede en veiligheid het vandag die belangrikste onderwerp geword. Staatshoofde en invloedryke godsdienstleiers span saam in hul pogings om die 'ideale toestand' te bereik. Selfs in die 'volle evangelie' veldtogte kan die oproep na geestelike eenheid gehoor word. Hulle beroep hulle selfs op Johannes 17:21, waar Jesus daarvoor bid: "...*dat almal een mag wees*". Van wie het die HERE hier gepraat? Vir wie het Hy gebid, dat hulle een moet wees? Dit is duidelik dat almal wat van eenheid praat en dit verwag, verskillende beweegredes en oogmerke daarmee het. Selfs die antichris gebruik die Woord om 'n wêreldwye, alles omvattende eenheid na te strew.

In Genesis 11 lees ons dat die mense in die begin een was. Hulle het een taal gehad en een doel nagestreef: om 'n toring te bou waarvan die spits tot in die hemel strek. Daarmee wou hulle hulself 'n naam maak maar God het hul plan verydel. Is dit nie dieselfde geval vandag nie? 'n belangrike les vir ons vandag, is dat die goddelike nie op 'n menslike manier gedoen kan word nie.

Ons moet die Skrifte in oog hou vir voorbeelde wat as voorvereistes dien vir enige ware eenheid. In 1 **Konings** 22 en 2

Kronieke 18 word ons van vierhonderd profete vertel wat een was en ooreengestem het. Agab, die koning van Israel, vra vir Jósafat, die koning van Juda, of hy met hom in oorlog sal optrek. Jósafat voel toe geëer daardeur en stem toe in met die woorde: *“Ek is soos u, en my volk soos u volk, en ons sal saam met u in die oorlog wees”*. Maar omdat hy ‘n God-vresende mens was, wou hy vooraf die wil van die HERE ken. Daarop laat Agab toe die vierhonderd profete bymekaar kom, wie toe eenparig profeteer: *“Trek op, en God sal dit in die hand van die koning gee”*. Ten spyte van die eenstemmige antwoord, was Jósafat nogtans nie heeltemal tevrede gestel nie en vra toe: *“Is hier nie nog ‘n profeet van die HERE, dat ons deur hom kan raadpleeg nie?”*

Dit was baie indrukwekkend: honderde profete stem ooreen! Tog doen die koning navraag of daar nog **‘n enkele een** is wat die ware woord van die HERE het. Baie vergader vandag so onder die ‘Gees van broederskap’; protestante, katolieke en andere kom so bymekaar. Ons het egter die reg om te vra wat die HERE in Sy onvervalste Woord gesê het.

Die profeet Miga het duidelik nie ag geslaan op die destydse organisasies nie. Hy was nie deel van die ekumeniese beweging nie; hy was één met God, deur die ware salwing van die Heilige Gees. Sedekía, die woordvoerder van die vierhonderd profete, het vir hom ysterhorings gemaak en uitgeroep: **“SO SPREEK DIE HERE...”**, en al die ander was dit eens. Wat ‘n groot byeenkoms! Hulle was almal deur ‘n leun-gees betower en verlei, toe hulle ooreenstemmend geprofeteer en uitgeroep het: **“So spreek die HERE”**. Slegs wat God self gesê het, is **“So spreek die HERE”**, alle ander uitsprake is van Satan, al sou daar volle eenstemmigheid heers daaroor.

Die boodskapper wat gestuur was om Miga te gaan roep, het hom aangeraai: *“... laat jou woord tog nou wees soos die van hulle”*. Die antwoord van die godsman was egter duidelik: *“So waar as die HERE leef, wat God my sal sê, dit sal ek spreek!”* Wat hy toe gesê het was die reïne, vars van die troon geopenbaarde waarheid. In ‘n visioen sien hy toe die gesprek wat in die hemel plaasgevind het. Sy visioen en profesie het presies ooreengestem met die Woord van die HERE soos die profeet Elía aangaande Agab gesê het **(1 Kon. 21:19; 22:38)**.

Miga was baie seker van sy saak, soveelso dat hy vir Agab sê, wie met hom wou afreken wanneer hy van die stryd af terugkeer: “*As u ooit behoue tuiskom, dan het die HERE nie deur my gespreek nie. Verder sê hy: Volke, luister almal saam!*” **Elke ware profet moet te alle tye in ooreenstemming met al die profete wees wie in die naam van die HERE spreek. Dit is uit hoofde van die goddelike gesag dat hulle die absolute waarheid verkondig, selfs al verenig honderde en sê die teenoorgestelde.** Dieselfde geld vir die apostel, leraar, evangelis – vir elke bediening in die Kerk van die lewende God.

DIE VOORWAARDE

Die honderd-en-twintig was op die dag van Pinkster ook eenstemmig in die oppersaal byeen. Hulle het hulself in volle ooreenstemming met die Woord van die uur bevind. Om vandag met God eens te wees, moet ons met Sy beloofde Woord vir hierdie tyd ooreenstem. Jesus het gebid: “... *dat almal een mag wees net soos U, Vader, in My en Ek in U*”. Die Seun was die persoonlike openbaring van die Vader – dieselfde wese, dieselfde Gees, dieselfde lewe.

Die Seun was deur die Gees voortgebring, soos die engel aan Maria aangekondig het: “*Die Heilige Gees sal oor jou kom en die krag van die allerhoogste sal jou oorskadu*” (Luk. 1:35). Hierdie feit vind ons bevestig in Matthéüs 1:20. Die Hielige Gees het oor Maria gekom, nadat sy die beloofde Woord ontvang en geglo het. So het die Woord vlees geword en onder ons kom woon. Die eenheid van Vader en Seun is egter nie gebaseer op ‘n ooreenstemming nie; dit is ‘n wesenlike eenheid. Dieselfde geld vir elke seun en dogter van God. Hulle word deur dieselfde Woord en dieselfde Gees voortgebring en het dus deel aan die goddelike natuur (2 Pet. 1:4).

Net diegene wat die wese en lewe van Jesus Christus het, kan met Hom een in die Gees wees. Jakobus het geskrywe: “*Volgens sy wil het Hy ons voortgebring deur die woord van waarheid, sodat ons as eersteling van sy skepsele kan wees*” (1:18). Soos Jesus die eniggeborene was, moet ons net soos Hy, gebore seuns en dogters van God wees. In dieselfde verband word Hy in Romeine

8:29 beskou as “*die eersgeborene ... onder baie broeders*”. Soos God in die begin van die skepping alles vasgestel het, bring alles van hul soort voor. As ons dit oordra na die geestelike, beteken dit dat uit God net die goddelike kan kom, net so kan die Seun van God net seuns en dogters van God voortbring. Petrus beklemtoon hierdie waarheid met die woorde: “*Geseënd is die God en Vader van onse HERE Jesus Christus wat na sy grote barmhartigheid ons die wedergeboorte geskenk het tot ‘n lewende hoop deur die opstanding van Jesus Christus uit die dode ...*” (1 Pet. 1:3).

Jesus kon sê: “*Hy wat My gesien het, het die Vader gesien*” (Joh. 14:9). Van ‘n man en vrou staan ook geskryf: “... hulle sal een vlees wees”, maar geen man kan sê: “Hy wat my gesien het, het my vrou gesien”. Die geestelike eenheid waarvan Jesus gespreek het, beteken nie om ooreen te stem een met die ander nie of om verenig te word met die ander nie. Dit is om dieselfde wese te het, maar verskillend gemanifesteer. Niemand kan by die Kerk van God aansluit nie; ‘n mens word daarin gebore, gedoop en daarin verseël.

Laat ons na Johannes 17:21 terugkeer: “... *dat almal een mag wees net soos U, Vader, in My en Ek in U; dat hulle ook in ons een mag wees ...*”. Daarin bestaan die geheim van goddelike eenheid: **God in Christus – Christus in Sy Kerk**. In hierdie hoofstuk preek Jesus nie, Hy bid. Daarom moet ons wat Hy hier bepleit, biddend oorweeg en daarna uitreik, sodat ons in werklikheid so kan lewe.

Ons wil graag paar van die kenmerke van die eenheid wat Jesus van praat in hoofstuk 17 beklemtoon:

“... sodat Hy aan almal wat U hom gegee het, die ewige lewe kan gee”

“Ek het U naam geopenbaar aan die mense wat U My uit die wêreld gegee het”

“... die woorde wat U My gegee het, het Ek aan hulle gegee”

“... en waarlik erken dat Ek uit U gegaan het”

“Ek bid vir hulle ... en Ek is in hulle verheerlik”

“Heilig hulle in U waarheid; U woord is die waarheid”

“... Ek het hulle die heerlikheid gegee wat U My gegee het”

“Ek in hulle en U in My, sodat hulle volkome een kan wees”

Eers wanneer ons alles in die waarheid belewe, soos in hierdie hoofstuk beskryf word, is die voorvereistes geskep om die goddelike eenheid deelagtig te wees. Dit beteken ons moet die ewige lewe ontvang; Sy naam moet aan ons geopenbaar word; ons moet in Sy Woord opgeneem word en in Sy waarheid geheilig word; Christus moet in ons woon. Slegs so kan ons die volkome geestelike eenheid win. Dit vereis goddelike openbaring om ook hierdie punt duidelik te erken en so Sy genade te ervaar.

God verwerklik die eenheid waarvoor onse HERE gebid het, van Sy eie soort – alle ware seuns en dogters van God sal dit ondervind. Aan die einde word ons volkome eenstemmig met Sy Woord en dus ook met Hom, ons Hoop, en as lede van Sy liggaam, dus ook een met mekaar. **1 Korinthiërs** 12:13 vertel ons hoe dit geskied: *“want ons is almal ook deur een Gees gedoop tot een liggaam.”* Paulus vermaan die Efésiërs: *“... en ernstig strewende om **die eenheid van die Gees** te bewaar deur die band van vrede. Dit is een liggaam en een Gees, soos julle ook geroep is in een hoop van julle roeping; een HERE, een geloof, een doop, een God en Vader van almal, wat oor almal en deur almal en in almal is”* (Efé. 4: 3-6).

Soos in verse 11 en 12 gestel, is die vyf bedienings vir die opbou van die liggaam van Christus bestem, *“totdat ons almal kom tot **die eenheid van die geloof** en van die kennis van die Seun van God, tot ‘n volwasse man, tot die mate van die volle grootte van Christus.”*

ONDERVIND ONS 'N HERHALING?

Alhoewel die gelowige Jode by die eerste koms van Christus op hul Messias gewag het, het die religieuse leiers nie die voorloper van die Messias en sy bediening, nóg die Messias self erken nie. Met die Woord van God in die hand, tesame met hul aanbidding in die tempel, het hulle Hom verwerp. Onbegryplik, maar waar: Hy het na Sy eie gekom, maar hulle het Hom nie aangeneem nie (Joh. 1). Wat 'n skande! Die leiers op daardie tyd was geslaan met blindheid! Hulle het nie die openbaring van die beloofde Woord vir hul tyd besit nie; hulle het hul eie interpretasies gehad.

Kan dit wees dat ons vandag 'n soortgelyke herhaling het? Is dit moontlik dat die godsdienste ook in ons tyd maar net tradisie-vas is en evangeliese veldtogte maar net 'n vermaaklikheids vorm aangeneem het? Dit is heeltemal moontlik dat daar oor die Messias vandag gepreek kan word sonder om 'n begrip te het oor wat Hy eintlik tans besig is om te doen. Die godsdienste leiers het hulself destyds beroep op Abraham en Moses, maar nie dit erken wat voor hulle oë vervul was nie. Onse HERE het aan hulle gesê: “**Maar as julle Moses geglo het, sou julle My glo**” (Joh. 5:46).

So is dit ook moontlik dat hulle in ons tyd hulle ook op Petrus, Paulus en al die persoonlikhede deur die loop van die kerkgeskiedenis beroep en nogtans nie erken wat God doen nie. Tog is dit ondenkbaar dat die geestelike leiers, alhoewel hulle dag en nag delf in die Skrif, nie sien dat 'n oervloed van profesieë realiseer in hulle tyd nie. Jesus het self daarop gewys toe Hy in die sinagoge van Násaret vanuit hoofstuk 61 van die profeet Jesaja gelees het: “**Vandag is hierdie skrif in julle ore vervul**” (Luk. 4:21).

Ons het sonder twyfel nou aan die einde van die eindtyd gekom. Bybelkenners verwag die eskatologiese gebeure in die onmiddellike toekoms. Die tekens van die tyd praat 'n duidelike taal: die toestand van die kerk, die terugkeer van Israel na die land van hul vaders, die politieke verwickelinge – alles wys onmiskenbaar na die nabyheid van die wederkoms van die HERE. Kon daar nie gesien word dat God ook in ons tyd reeds iets magtigs gedoen het nie, wat die meerderheid oor die hoof gesien het.

Dit is nie moeilik om terug te kyk en vas te stel wat verkeerd gedoen was in die verlede nie. Maar wat van die huidige? Het ons aandeel in die werk van die HERE vandag? Daar is 'n gedeelte in die Skrif wat die sleutelfunksie bevat: "**Want die Here HERE doen niks tensy Hy sy raadsbesluit aan sy knegte, die profete, geopenbaar het nie**" (Amos 3:7). Ons lewe gewis in die grootste van alle profetiese eras. Daar is twee generasies met 'n belangrike verantwoordelikheid: die eerste het gelewe by die eerste koms van Christus; die tweede is hierdie generasie waarin ons onself bevind, by die tweede koms van Christus. Soos die Nuwe Testament begin het met die vervulling van bybelprofesieë, so is dit ook aan die einde daarvan.

Ons nodig nie dat mense hul eie idees aanbied oor die ontsaglike dinge wat God doen nie. Sulke fantasieë word nêrens aangetref nie, ook nie in die toekoms nie. Wat ons nodig, is duidelike klaarheid oor dit wat God in Sy Woord vir ons tyd belowe het. Omdat ons in 'n profetiese era is, kan ons geredelik verwag dat daar so 'n bediening moet wees. In die verlede het die HERE altyd, voor buitengewone gebeure, manne met spesiale bedieninge gestuur. Voor die sondevloed was daar die profeet Noag. Van hom lees ons: "*En Noag het dit gedoen. Net soos God hom beveel het, so het hy gedoen*" (Gen. 6:22). Voor die verwoesting van Sodom en Gomorra het die HERE Sy profeet Abraham besoek (Génesis 18). In vers 17 vra die HERE: "*Sal Ek vir Abraham verberg wat Ek gaan doen?*". In Lukas 17:26-30 verwys die HERE na beide gebeurtenisse in daardie twee eras, en bring dit in verband met Sy wederkoms: "*Net so sal dit wees in die dag wanneer die Seun van die mens geopenbaar word*". God kan nie dit verander wat geskryf staan nie: "*Want Ek, die HERE, het nie verander nie*" (Mal. 3:6). Toe Hy op die punt was om die belofte wat aan Abraham gemaak was, te vervul (Gén. 15:13), verskyn Hy aan Moses in 'n vlamme bos (Exodus 3). So het God ook verskyn aan Elía en Elisa, aan Jeremia en Daniël, Jesaja en Eségiël, ens.. God werk ten alle tye op soortgelyke wyse. Sy besluite is perfek!

REG-VERDELING VAN DIE WOORD

Sedert die begin van die Nuwe Testament en die stigting van die nuwe-testamentiese kerk is alles in die lig van die profetiese woord beskou en bestel. Petrus, 'n man van die eerste uur, het reeds 'n paar dae na die hemelvaart van Jesus die orde daargestel op grond van bybelprofesieë. In Handeling 2 het hy die bybelse grondslag neergelê met die uitstorting van die Heilige Gees, toe hy gesê het: "*Maar dit is wat deur die profeet Joël gespreek is ...*" (vers 16). In hoofstuk 3, verse 20-23 praat hy van die *tye van verkwikking*, wat voor die wederkoms van Jesus Christus geskied, wat uit die *aangesig van die HERE* kom, wie "*die hemel moet ontvang **tot op die tye van die wederoprigting van alle dinge**, waarvan God van ouds af gespreek het deur die mond van al sy profete*". Ook hier sien ons weer die verbinding met die Ou Testament. Hieruit is dit duidelik dat 'n tyd van geestelike verkwikking en herstelling moet plaasvind, vóór Jesus kom om as Bruidegom Sy bruid huistoe te neem.

In die lig daarvan het Jakobus geskryf: "*Wees dan geduldig, broeders, tot op die wederkoms van die HERE. Kyk, die landbouer wag op die kostelike vrug van die aarde en het geduld daarmee totdat dit die vroeë en die laat reën ontvang het*" (5:7). Die Woord van God word ook na verwys as Saad wat gesaai en geoes moet word (Mark. 4:14). Voor die oes ingebring word, kan ons dus 'n magtige uitstorting van die Heilige Gees verwag. Soos belowe in Jesaja 55:11, sal die Woord van God nie leeg terugkeer nie, maar doen wat Hom behaag en voorspoedig wees in alles waartoe Hy dit stuur. Jakobus noem die restitusie wat Job aan die einde beleef as voorbeeld (Jak. 5:11). Almal ken Job se geskiedenis, die beproewing en lyding wat hy moes deurmaak. Satan het hom alles ontnem wat hy besit het, maar God het aan hom in dubbele mate terugbesorg (Job 42:10). So kan ons ook verwag dat God binnekort die beloofde verlossing en omvattende herstelling sal bring.

Die akkuraatheid van God se Woord is oorweldigend. In verband met Johannes die Doper praat die Heilige Skrif van 'n **voorbereidings-bediening**. Toe die engel Gabriël die geboorte van Johannes aankondig, opper hy die profetiese woorde wat vooraf uitgespreek was: "*... en hy sal voor Hom uit gaan in die gees en die*

krag van Elía, om die harte van die vaders terug te bring tot die harte van die kinders en die gehoorsames tot die gesindheid van die regverdiges, om vir die HERE 'n toegeruste volk te berei" (Luk.1:17). In dieselfde hoofstuk profeteer Sagaría en sê: *"En jy, kindjie, sal 'n profeet van die Allerhoogste genoem word, want jy sal voor die aangesig van die HERE uitgaan om sy weë **reg te maak**"* (vers 76). Hy gebruik byna dieselfde woorde wat in Maleági 3:1 staan. Onse HERE het ook daarna verwys toe Hy die bediening van Johannes die Doper in Matthéüs 11:10 bevestig: *"Want dit is hy van wie daar geskrywe is: Kyk, Ek stuur my boodskapper voor u aangesig, wat u weg voor U uit sal **regmaak**"*.

Die woord **herstel** word nie 'n enkele keer gebruik met verwysing na Johannes die Doper se bediening nie. Aan die anderkant vind ons dit herhaaldelik waar dit van die beloofde bediening in die eindtyd praat. Deur die profeet Joël alreeds sê die HERE: *"En ek sal julle **vergoed** die jare ..."* (2:25).

In Matthéüs 17 vind ons daardie wonderlike gebeurtenis op die berg van verheerliking. Onse HERE neem Petrus, Jakobus en Johannes saam met Hom, waar Moses en Elía toe aan Hom verskyn en met Hom praat. Petrus word toe so oorweldig en sê toe aan Hom: *"HERE dit is goed dat ons hier is; as U wil, laat ons hier drie hutte maak: vir U een en vir Moses een en een vir Elía"*.

Nadat hulle van die berg af teruggekom het, vra die dissipels vir die HERE: *"Waarom sê die skrifgeleerdes dan dat Elía eers moet kom?"* In antwoord daarop, maak die HERE toe twee baie belangrike stellings: die een met betrekking op die toekoms, en die tweede met wat reeds gebeur het. Die eerste vind ons in vers 11: *"En Jesus antwoord en sê vir hulle: Dis waar, Elía kom eers **en sal alles herstel**"*. Hierdie vers staan sonder enige twyfel in die toekoms-vorm en verwys na die bediening net voor die tweede koms van Christus. Doktor Schofield, 'n internasionaal erkende bybelgeleerde en -vertaler, skrywe in sy kommentaar oor Matthéüs 17:11 as volg: **"Christus bevestig die spesifieke en nog onvervulde profesie van Maleági 4: 5-6"**. Die fundamentele apologete stem ook daarmee saam.

Soos ons reeds gesien het, word die bediening van Johannes die Doper as die vervulling van Maleági 3:1 bevestig. Toe hy gevra

word: “*Is u Elía?*”, het hy natuurlik in der waarheid geantwoord en gesê: “*Ek is nie*” (Joh. 1:21). Hy verklaar toe aan hulle: “*Ek is die stem van een wat roep in die woestyn: Maak die pad van die HERE reguit! Soos Jesaja, die profeet, gesê het*” (Jes. 40:3). Na dié verklaring vra hulle wie uit die Fariseërs gestuur was: “*Waarom doop u dan as u nie die Christus of Elía of die profeet is nie?*” (Joh. 1:25). Die belofte van Maleági 4: 5-6 kan slegs vervul word aan die einde van die tyd van genade, “*voordat die groot en vreeslike dag van die HERE aanbreek*”. Dit sal ‘n dag van wraak wees, en sal brand soos ‘n oond (Mal. 4:1) en kom soos ‘n dief in die nag (2 Pet. 3:10; 1 Thes. 5:2)

Sedert die bediening van Johannes die Doper het sowat 2000 jare verstryk en die dag van die HERE is nog nie verby nie. Jesaja 13: 6-13, Joel 3: 4-5 en vele ander skrif-gedeeltes gee presiese beskrywings daarvan. In sy eerste preek verwys Petrus daarna: “*Die son sal verander in duisternis en die maan in bloed, voordat die groot en deurlugtige dag van die HERE kom*” (Hand. 2:20).

In die sesde seël word die eintlike gebeurtenisse, wat met die dag van die HERE verband hou, opsommend gespesifiseer. Aan die einde is dit dan: “*want die groot dag van sy toorn het gekom, en wie kan bestaan?*” (Openb. 6: 12-17). Op daardie tydstip is die genade tyd verby en verskriklike tye tref dan die aarde.

Die belofte wat Jesus in Matthéüs 17:11 genoem het, staan in die laaste twee verse van die Ou Testament en lui so: “*Kyk, Ek stuur julle die profeet Elía voordat die groot en vreeslike dag van die HERE aanbreek. En hy sal die hart van die vaders terugbring tot die kinders, en die hart van die kinders tot hulle vaders, sodat Ek nie hoef te kom en die land met die banvloek tref nie*”. Die eerste deel, nl., om die harte van die vaders terug te bring tot die kinders, word deur die bediening van Johannes die doper vervul. Soos ons opmerk, spreek die engel Gabriël hierdie gedagte in gesprek met Sagaría uit: “*... en hy sal voor Hom uit gaan in die gees en die krag van Elía, om die harte van die vaders terug te bring tot die harte van die kinders*” (Luk. 1:17).

Volgens Hebreërs 1 het God in die ou tyd deur die profete tot die ou testamentiese **vaders** gespreek. Paulus het geskryf: “*... ek wil nie hê, broeders, dat julle nie sou weet nie dat ons vaders almal*

onder die wolk was en almal deur die see deur gegaan het, en almal in Moses gedoop is in die wolk en in die see ...” (1 Kor. 10:1-2). Aan die einde van die dag spreek Hy deur die Seun, wat die antwoord was. Johannes was die brug tussen die Ou en Nuwe Testament. Sy taak was om die volk van God uit die tydperk van die ou testamentiese vaders, oor te bring na die era van die nuwe testamentiese kinders van God, wat op daardie stadium begin het. So gesien, was Johannes die Doper meer as ‘n profeet (Matt. 11:9). Die profete het die koms van die Messias aangekondig – Johannes het die voorreg gehad om Hom voor te stel. Eers lê hy getuie af oor Jesus, die Messias en dan lê die HERE getuie af oor hom. Omdat die eerste deel van die Elía-belofte in Maleági 4:6 vervul word in die bediening van Johannes die Doper, bevestig die HERE dit ook in Matthéüs 17:12 as volg: *“maar ek sê vir julle dat Elía al gekom het, en hulle het hom nie erken nie, maar aan hom alles gedoen wat hulle wou ...”*. Ons het te doen met twee spesiale toepassings en bedieninge: een met die eerste koms van Christus en die ander, nou, voor Sy tweede koms.

Daar is skrifte waar daar soms in dieselfde vers tegelyk verwys word na die eerste en tweede koms van die HERE. Psalm 2:7, Handeling 13:33 en Hebreërs 1:5 praat van Sy eerste koms. By Sy tweede koms sal hy Sy eie, wie deur die bloed verlos is (Openb. 1:5), en deur Sy Woord gereinig is (Efé. 5:26) en verseël is met Sy Gees (Efé. 4:30), Sy Bruid-gemeente, wegneem (1 Thess. 4:13-18), om met hulle die Bruilofsmaal te vier (Openb. 19: 1-9). Die wêreld neem geen kennis daarvan nie. Psalm 2:8-9, Openbaring 2:27, 19:15 en vele ander skrifte gaan oor Sy koms met groot mag, om af te reken met Sy vyande en om Sy heerskappy op aarde te begin. Toe die HERE in die sinagoge in Nasaret uit Jesaja 61 lees, hou Hy op in die middel van vers 2 (Luk. 4:19), want net daardie eerste gedeelte het betrekking gehad op Sy eerste koms. Die dag van wraak kom eers, soos ons reeds uitgewys het, wanneer die genadetyd verby is. Maleági 3:1 verwys duidelik na Sy eerste koms, maar hoofstuk 4 vers 5 en die tweede gedeelte van vers 6 verwys na Sy tweede koms.

VAN BESONDERSE BELANG

Die opdrag vandag is dat die harte van die kinders van God teruggebring moet word na die geloof van die apostoliese vaders en dus terug na die Woord van die profete. Daarvoor is 'n man met 'n spesiale goddelike sending nodig, 'n profeet soos Elía, iemand wat 'n bevestiging van bo kan wys wat bo alle twyfel verhewe is. Twee dinge moet hom van alle ander onderskei: eerstens moet hy die beloofde Woord vir ons dag het en tweedens 'n ware, apostolies-herstelde bediening. Dit sal oortuigende bewyse wees van 'n unieke roeping en sending. Daardeur sal die aandag van die kinders van God op die Boodskap van vandag gerig word.

Van Elía weet ons dat hy die afgebreekte altaar van die HERE weer opgerig het. Hy het twaalf stene geneem, die getal van die twaalf stamme van Israel en roep uit tot die volk van God om te besluit. In sy gebed sê hy: *“HERE, God van Abraham, Isak en Israel, Laat dit vandag bekend word dat U God in Israel is, en ek u kneg, en dat ek al hierdie dinge op u woord gedoen het. Antwoord my HERE, antwoord my, sodat hierdie volk kan erken dat U HERE, God is, en dat Ú hulle hart tot U laat terugkeer”* (1 Kon. 18:36-37).

Die eerste Elía en Johannes die Doper, wie in die gees van Elía gekom het, sowel as die beloofde Elía voor die dag van die HERE, het een ding in gemeen, nl. om die harte van die mense na God en Sy Woord te draai. Deur die laaste bediening moet die profetiese woord wat aan die vaders oorgelewer was, sowel as die leringe van die twaalf apostels, verkondig word, waarop die kerk gebou is, soos geskryf staan: *“gebou op die fondament van die apostels en profete, terwyl Jesus Christus self die hoeksteen is”* (Efé. 2:20). Van diegene wie nie die liefde vir die waarheid het nie, staan geskrywe in **2 Thessalonisense** 2:11 *“Daarom sal God hulle die krag van die dwaling stuur, om die leuen te glo”*. Paulus het dit selfs toe al vooruit gesien en aan sy mede-arbeider geskryf: *“... en die oor sal afkeer van die waarheid en hulle sal wend tot fabels”* (**2 Tim.** 4:3-4). Almal diegene wat terugkeer na die waarheid, sal nie langer meegesleur word deur elke wind van lering nie. Hulle word uit alle babiloniese kampe uitgeroep en verheug hulle in die gesonde lering (Tit. 2:1).

Soos Johannes presies geweet het watter skrifte op hom betrekking het, moet dit ook so wees met die beloofde profeet van onse tyd. Op grond van 'n goddelike openbaring bring hy aan die mense in hierdie tyd die beloofde Woord, ingeslote die bybelse profesies, soos Petrus geskrywe het: "... en ons het die profetiese woord wat baie vas is ..." (2 Pet. 1:19a). So ook moet hy die Gees van Profesie het, waarvan ons in Openbaring 19:10 lees. Die apostel Johannes was daar vertel: "*Ek is 'n mededienskneg van jou en van jou broeders wat die getuienis van Jesus het. Aanbid God!*" – **die getuienis van Jesus is die Gees van profesie**. Die Gees van profesie hou nie verband met die gawe van profesie nie, maar met die Woord van profesie en is, soos ons so pas gelees het, die getuienis van Jesus Christus. Die hele aangeleentheid is van baie groot belang; niemand moet met blote vermoede en aannemings tevrede wees nie. Dit gaan oor die voleinding van die Kerk van God wat uiteindelik hul opdrag erken en op hul gegewe beloftes staan en een met Hom sal wees. Dit is die egte eenheid met die Gees.

WARE PROFETE

Die profete was reeds van moederskoot af tot 'n bestemde bediening uitverkies (Jer. 1:5). Eers was hulle "sieners" genoem omdat hulle visioene sien (1 Sam. 9:9). Daarby word hulle ook, deur 'n openbaring van God af, die betekenis gegee (Jer. 1:11-12). Die Woord van God kom altyd na die profete, soos in Númeri 12:6 geskrywe staan: "*Hoor tog my woorde. As julle profeet van die HERE is, Sal Ek deur 'n gesig My aan hom bekend maak, deur 'n droom sal Ek met hom spreek*". Dus is 'n ware profeet 'n mondstuk van God en kan wat hy spreek met "So spreek die HERE" bekragtig. Elkeen wat so 'n profeet verwelkom en sy bediening respekteer, sal ook die loon van 'n profeet ontvang (Matt. 10:41). Terselfdertyd waarsku onse HERE daarteen om Sy profete aan te raak, want Hy sê: "*Raak My gesalfdes nie aan en doen My profete geen kwaad nie*" (1 Kron. 16:22; Ps. 105:15).

Die Wet en die Ou Testament profete was tot op Johannes, waarna die koningryk van God deur die evangelie verkondig word (Luk. 16:16). Hierdie skrif word dikwels genoem as sogenaamde bewys dat God in die Nuwe Testament geen profete meer het nie.

Tog was Johannes self 'n profeet; Simeon, wie by die toewyding van die Jesuskind in die tempel was, was 'n profeet (Luk. 2:25-35) en onse HERE het die belofte gemaak: *“Daarom, kyk, Ek stuur profete en wyse manne en skrifgeleerdes na julle toe”* (Matt. 23:34; Luk. 11:49). Die woord “skrifgeleerdes” wat hier gebruik word verwys beslis nie na hulle wie by die voete van Gamaliël gesit het nie. Jesus verwys hier na die leraars wat Sy Woord in geregtigheid verkondig: *“Daarom is elke skrifgeleerde wat 'n leerling geword het in die koninkryk van die hemele, soos 'n huisheer wat uit sy skat nuwe en ou dinge te voorskyn bring”* (Matt. 13:52).

Wie die Handeling van die Apostels lees, sal vasstel dat daar in die gemeentes ook profete was. (Hoofst. 11:27; 13:1). In hoofstuk 15:32 staan daar: *“En Judas en Silas, wat self ook profete was ...”*. In 1Korinthiërs 12 en 14 lê Paulus die gawes en bediening wat in die Kerk geplaas is uit en gee sy weergawe aan die einde: *“As iemand meen dat hy 'n profeet of 'n geestelike mens is, moet hy erken dat wat ek aan julle skrywe, bevele van die HERE is”* (14:37). In Efésiërs 3 praat hy van sy vertroudeheid met die verborgenhede van Christus: *“wat in ander tye aan die mensekinders nie bekend gemaak is nie soos dit nou aan sy heilige apostels en profete geopenbaar is deur die Gees ...”* (vers 5). In Efésiërs 4:11 en **1 Korinthiërs** 12:28 is dit duidelik dat God self die verskeie bediening in die Kerk geplaas het. Soos gedemonstreer word deur die Heilige Skrif, het ons nou 'n besondere heilsgeskiedkundige punt bereik. Hierdie profetiese tyd vereis 'n besondere, van God gestuurde profeet.

Elkeen wat bekend is met die geskiedenis, weet dat, al maak Mohammed en andere aanspraak daarop, die laaste profeet volgens Maleági 4:5-6 sal kom voor die groot en vreeslike dag van die HERE. Trouens, daar word na verskeie manne as “Elía” verwys, of gepraat van die wat die “bediening van Elía” het. Maar nie een van hulle het die harte van die kinders van God na die HERE en Sy Woord teruggebring nie. In teendeel: hulle was baie ver van die apostolies-profetiese herstellings-bediening en het net hulle eie navolgers voortgebring.

UITDAGING

Wie God se Woord ken en weet hoe Hy in die verlede gewerk het, sal ver wag dat Hy nou die bo-natuurlike sal doen. Ek is self van vaste oortuiging dat God in ons tyd 'n man gebruik het wat 'n deurbraak gemaak het en 'n herlewing laat ontketen het, die impak daarvan reik tot in ons geslag. Die begin van sy bediening dateer terug na 7 Mei 1946, toe William M. Branham sy spesiale roeping ontvang het van God af. In sy eredienste het ondeurgrondelike wonders plaasgevind wat alle aanwesiges met hul eie oë gesien het: blindes het weer gesien, die verlamdes het geloop, die stommes gepraat, die dowe het gehoor. In die boek "A MAN SENT FROM GOD", wat in 1950 deur Eerw. Gordon Lindsay – die uitgewer van die maandblad "THE VOICE OF HEALING" – gepubliseer is, sowel as in die 1952 boek, "A PROPHET VISITS SOUTH AFRICA", deur Eerw. Julius Stadsklev en in die boek "THE ACTS OF A PROPHET" deur Eerw. Pearry Green van Tucson, Arizona, V.S.A., asook verskeie ander publikasies is talle sulke verslae opgeteken. Selfs kanker-pasiënte wat deur dokters gesertifiseer was, was genees; dit was eintlik net soos die skeppingswonder.

Vir baie jare het die pers van die Verenigde State berig oor sy eredienste. Verskeie godsdienstige tydskrifte, bv. "THE HERALD OF HOPE", Chicago, "THE VOICE OF HEALING", Dallas, (Later as "CHRIST FOR THE NATIONS" herdoop) en andere, het herhaaldelik berigte oor hierdie buitengewone bediening en wat gebeur het, geplaas. Die eintlike deurbraak van hierdie geestelike herlewing het gebeur, nog voordat enige van die ander geloofs-genesing evangeliste, wat later gekom het, wêreld-bekend geword het. Van hulle wat in die laat veertigerjare, in die vyftigerjare en in die sestigerjare hul bediening begin het, het hul inspirasie grootliks vanuit die bediening van Eerw. Branham gekry. Natuurlik gee hulle dit nie vandag meer toe nie, maar bied eerder stories aan wat onder hul volgelingen 'n groter indruk maak.

As een van die vele getuies het ek self die bonatuurlike werk van God, deur die bediening van hierdie godsman gesien en beleef. Die indruk van wat ek gesien en gehoor het is onbeskryflik en sal by my bly tot aan die einde van my lewe. Deur die gawe van

onderskeiding kon hy derduisende vertel, wie hulle was, waar hulle vandaan kom, watter siekte die betrokke persoon het; selfs gebeure uit hul lewens was vir hom in 'n visioen getoon. Nie een keer was iets wat hy in al sy jare tot aan die einde van sy bediening gesien het, verkeerd nie, maak nie saak in watter stad, watter land, of kontinent hy was nie.

Twee besonderse eienskappe onderskei 'n ware profeet en sy bediening van andere af. Eerstens, dit wat hy profeteer, gebeur (Deut. 18: 20-22), in die tweede plek moet sy lering oor God reg wees. Wanneer 'n Profeet iets aankondig en dit gebeur, maar gaan gepaard met 'n uitnodiging om ander gode te dien, dan is dit net 'n toets vir die mense. 'n Ware profeet moet die God van Abraham, Isak en Jakob as die enigste ware God verkondig (Deut. 13: 2-5).

As Seun van die mens was Jesus die Profeet wat Moses aangekondig het (Deut. 18: 15-19; Hand 3: 22-23.). Daarom sien hy eerste wat die Vader doen, en doen dit dienooreenkomstig (Joh. 5:19). Toe Petrus hom ontmoet vir die eerste keer, sê Hy vir Petrus: "*Jy is Simon, die seun van Jona*" (Joh. 1: 40-42). Aan Natánael, wie Hy ook nie geken het nie, het Hy gesê: "*Voordat Filippus jou geroep het toe jy onder die vyeboom was, het Ek jou gesien*" (Joh. 1:49). Hoe oorweldig Natánael was kan afgelei word van sy antwoord. Die vrou by die put was ook verbaas toe die HERE sê: "*want jy het vyf mans gehad en die een wat jy nou het, is nie jou man nie*" (Joh. 4:18). Jesus het selfs die gedagtes van die hart geken – die mees verborge dinge was aan hom geopenbaar. Maar juis as gevolg van hierdie profetiese bediening het die skrifgeleerdes en Fariseërs hom "Beëlsebul" genoem en sien hom as 'n soort waarsêer of gedagte leser.

Keer op keer het hierdie eenvoudige godsman, Eerw. Branham, verwys na die bogenoemde geskrifte. Na afloop van sy preke en die oproep tot bekering, het hy gebed vir die siekes. Hy het gewag totdat hy sien in 'n gesig aan hom wat God wil doen, eers dan het hy opgetree. Honderde van sy preke was opgeneem op band en is 'n oorweldigende getuienis vir almal wat hulself tot oortuiging wil vergewis van wat gesê en gedoen was.

Soos hy dikwels beklemtoon het, sien hy gedurende gebed 'n bonatuurlike lig hang oor individue vir wie hy bid. Op 24 Januarie

1950 tydens 'n groot byeenkoms in die Houston Coliseum in Texas, het 'n ongelowige persfotograaf, wat deur Eerw. Branham se kritici genooi was, 'n klomp foto's van hom geneem. Hy sou 'n artikel daarmee publiseer waarin die man van God belaster sou word. Maar wat 'n verbasing was dit vir die fotograaf toe die enigste suksesvolle foto wat uitgekom het, 'n lig kolom bokant die hoof van Eerw. Branham wys! In die Skrif lees ons dikwels van die verskyning van 'n bonatuurlike lig. Die profeet Esegieël het dit beskryf as "*die heerlikheid van die HERE*", wat herhaaldelik verskyn het aan hom (Ese. 1:28; 3:12, 23; 10:4, 18). Saulus was op weg na Damaskus toe die ligstraal hom op die grond laat val. As 'n toegewyde Jood het Hy geweet wie en waaroor dit was en gevra: "*Wie is U, HERE?*" Die antwoord was: "*Ek is Jesus wat jy vervolg*" (Hand. 26:15) Gedurende die uittog van Israel was hulle bedags gelei deur die bonatuurlike wolk en snags deur die bonatuurlike lig (Neh. 9:19). God is lig en bewoon die ontoeganklike lig (1 Tim. 6:16). Jesus het gekom as lig in die wêreld (Joh. 1: 4-9).

Op 28 Februarie 1963 het 'n bonatuurlike wolk verskyn presies bo-kant die plek in die berge, noord van Tucson, Arizona, waar Eerw. Branham was. Baie mense het die bonatuurlike wolk gesien en hulle het aan die direkteur van die Institute van Atmosferiese Fisika aan die Universiteit van Arizona in Tucson, 'n groot aantal foto's van hierdie verskynsel gestuur. Eerw. William Branham is meegedeel tydens hierdie gebeurtenis dat hy na sy kerk moet terugkeer in Jeffersonville om oor die sewe seëls, van die boek Openbaring, te preek. In die agtereenvolgende sewe dae, 17-24 Maart 1963, het dieselfde bonatuurlike Lig elke agtermiddag in sy kamer verskyn waar 'n seël elke dag aan hom geopenbaar was om daardie aand te preek. Gegewe die ryklike, onvergelykbare, bonatuurlike bevestiging, is dit moeilik om te verstaan waarom selfs diegene wie hom beskou as "die man van God van die uur", ook as "die profeet van die eindtyd" en dies meer, nie kan erken wat God eintlik deur hierdie bediening gedoen het nie.

Reeds op 11 Junie 1933 was Eerw. Branham as 'n jong Baptiste-prediker in Jeffersonville, Indiana, VSA, besig met 'n skriftuurlike doop in die Ohio rivier, wat bygewoon was deur omtrent vier duisend mense, waar hy 'n paar honderd gedoop het. Toe hy omtrent die sewentiende persoon doop, verskyn hierdie bonatuurlike

lig skielik bokant hom, en 'n kragtige stem roep uit: **"Net soos Johannes die Doper die eerste koms van Christus vooruit gegaan het, so word jy gestuur met 'n boodskap wat die tweede koms van Christus vooruit sal gaan"**. Dit is maar 'n paar van die buitengewone gebeure wat plaasgevind het.

Wanneer ons gekonfronteer word met dinge waarop niemand 'n invloed het nie, maar wat God in Sy soewereiniteit doen, kan ons nie meer neutraal bly nie; ons moet 'n keuse maak. Ons kan nie onverskillig staan nie; wat God doen, geskied vir 'n bepaalde doel. Kan dit wees dat die **Kerk** van die HERE nou in dieselfde situasie is as wat Israel was toe die HERE op aarde gewandel het? Almal gaan voort met hul godsdienstige programme, asof die HERE glad niks spesials gedoen het nie. Sommige wat kundig is aangaande die Bybel vra selfs: "Sou Elía nie eerste kom nie? Moet daar nie eers 'n profeet opstaan nie?". Die antwoord daarop nou is dieselfde as destyds: "Elía het alreeds gekom en julle het hom nie herken nie, maar aan hom alles gedoen wat julle wou". As dit waar is – en dit is waar – dat God 'n man gestuur het in ons tyd, sonder dat ons die dag van ons genadige besoeking erken het, dan is dit duidelik, dat ons eenvoudig verblind en mislei was. Moet ons nie daarom in alle opregtheid die Skrif deursoek nie, totdat ons God se eintlike boodskap vir hierdie tyd gevind het nie?

Soos altyd, kan dit ook nou weer gebeur, dat kerke en gemeentes, asook al die geestelikes, op hul gevestigde weë gaan, en wat God gedoen het net beskou as onwelkome inmenging en dit afmaak as die werk van die vyand. Omdat Eerw. Branham aan geen organisasie behoort het nie, was hy universeel verwerp, net soos dit die geval met die profete was. In alle 'kampe' was daar slegs 'n paar wat hom erken het as 'n ware man van God. Soos dit die geval met Woord-profete is, kon hy nie met die een of die ander denkrigting kante kies nie, maar het binne die grense van die skrif gebly. Soos Paulus en die apostels geleer het, het hy ook geleer, dat God as Vader in die hemel en op aarde in die Seun geopenbaar is en dat Hy deur die Heilige Gees in die verlostes woon. In **1 Timótheüs 3:16** is dit soos volg opgesom: *"En onteenseglik, die verborgendheid van die godsaligheid is groot: God is geopenbaar in die vlees, God is geregverdig in die Gees, het verskyn aan engele,*

is verkondig onder die heidene, is geglo in die wêreld, is opgeneem in heerlijkheid".

Selfs evangeliste wat deur die bediening van hierdie eenvoudige man van God geïnspireer en geseën was, het basies nie verstaan waarom dit nou eintlik gaan nie. Dieselfde geld vir elke gemeente wat baat gevind het uit sy bediening, op watter manier ookal. Soos in al die ander tye, erken slegs 'n klein minderheid, dat God ons nou met Sy plan vertrouwd gemaak het. Die ware gelowiges sal die beloofde Woord ontvang, omdat hulle self *kinders van die belofte* is (Gal. 4:28) wie die *belofte van die Vader* ontvang (Hand. 1:4).

Daar heers vandag egter, oor die algemeen, dieselfde toestand as met die eerste koms van Christus. Die predikante probeer altyd om op elke manier iets te vind om oor te kan kla. Mense neem, byvoorbeeld, 'n aanhaling uit die boek: DIE EKSPOSISIE VAN DIE SEWE KERK-EEUE, dat die wêreld stelsels teen 1977 beëindig en die Millennium ingelei sal word. Dit is vandag baie maklik om die bandopname te verkry en te vergewis dat Eerw. Branham nooit so 'n stelling gemaak het nie. In die boek, wat geredigeer is deur ene Dr. Lee Vayle, en wat veronderstel was om 'n geredigeerde weergawe te wees van wat Eerw. Branham gepreek het, is daar ongelukkig gedeeltes herhaal wat nie ooreenstem met die oorspronklike preke nie. Dit is onverstaanbaar waarom intelligente mense nie probeer om die ware feite uit te vind nie. 'n Mens kry selfs die indruk asof hierdie en ander dinge wat oor hom geskryf is, opsetlik versprei word om mense af te skrik. Wie vandag nog onbevooroordeeld is en nog 'n tikkie vrees vir God het, sal onvermydelik besef dat hierdie man, deur 'n openbaring, 'n diepe begrip van die Skrif gehad het en dat die verborgenhede van die woord aan hom bekend gemaak was. Hiervoor is ons die HERE baie dankbaar.

Miskien is dit die HERE se plan om deur hierdie eenvoudige daarlegging diegene te stop wie op hul eie manier dinge doen, of met nuttelose programme besig is. Dit is nie meer nodig om dit wat van God af kom, langer te beveg nie; dis eerder tyd om 'n deel van Sy plan in hierdie eindtyd te word. Dit geld vir almal wat die deur God-daargestelde program verwerp en net op hoorsê getuienisse staatmaak. Selfs diegene wie hulle op die bediening van Eerw. Branham beroep maar dan onbybelse stellings en interpretasies

van die Skrif en van die boodskap aanhang, veroorsaak dat die saak van God net benadeel word deur hul wan-voorstelling.

Ek vra almal, om sy beskikbare preke in die lig van die Skrif te deursoek en te oordeel volgens die leringe soos bevat in die Woord van God, sonder om enigiets uit verband te geruk. Niemand moet staatmaak op sy eie insig of mening nie of hom verlaat op die van andere nie. Saam moet ons doen soos die gemeente in Berea: "... *hierdie mense was edelmoediger as dié in Thessalonika; hulle het die woord met alle welwillendheid ontvang en elke dag die Skrifte ondersoek of hierdie dinge so was*" (Hand. 17:11).

PERSOONLIKE GETUIENIS

As skrywer van hierdie boekie wil ek afsluit deur my persoonlike getuienis by te voeg in die hoop dat iemand daardeur gehelp kan word.

Ek het die buitengewone voorreg gehad om die HERE selfs in my vroeë kinderjare te ervaar en het, so dikwels as wat ek kon, deelgeneem aan christelike konferensies in Europa en die VSA. Sedert die pinkster tydperk in 1949, het ek herhaaldelik gehoor by 'n paar Amerikaanse predikers en evangeliste van die man reeds genoem en die kragtige werk wat God deur hom doen. In Augustus 1955 het ek vir die eerste keer en vir 'n hele week, die ryklik geseënde vergaderings van Eerw. Branham in Karlsruhe, hier in Duitsland bygewoon. Wat ek ervaar het, het 'n diep indruk by my gelaat wat my hele geestelike lewe beïnvloed het.

Die internasionale konferensie van die "Voice of Healing" in 1958 in Dallas, Texas, bly in my geheue as 'n besondere hoogtepunt. Bedags het ander evangeliste gepreek en in die aanddienste was hierdie nederige man van God aan die woord, as die hoofspreek. Wat ek daar en in ander van sy vergaderings in die VSA en in Duitsland ervaar het, is slegs met die bediening van ons HERE Jesus Christus vergelykbaar.

Op 2 April 1962, kort voor dagbreek, het ek 'n buitengewone ervaring gehad, toe die HERE met 'n duidelik hoorbare stem aan my

opdrag gegee het. Op 3 Desember dieselfde jaar herhaal Eerw. Branham, in die teenwoordigheid van twee getuies, deur 'n openbaring, presies die woorde wat die HERE met my gepraat het. Daarmee verstaan ek ook, dat my bediening direk gekoppel is aan syne. Nadat ek vir meer as twintig jaar in die besonder na die lande in Asië en Afrika en deels Oos-Europa – Rusland ingesluit – gereis het, het ek gevoel dis tyd om almal te laat weet wat God gedoen het. As ons dit wat Eerw. Branham in Junie 1933 meegedeel is noukeurig lees, word dit duidelik dat dit nie in die eerste plek oor die persoon gaan nie, maar oor die Woord: “... **so word jy gestuur met 'n boodskap wat die tweede koms van Christus vooruit sal gaan**”. God het die boodskapper geneem, maar het ons gelaat met die boodskap. Hierdie boodskap is God se beloofde en geopenbaarde Woord vir hierdie tyd. Dit is die ewige evangelie wat aan alle nasies as getuienis verkondig moet word (Matt. 24:14; Openb. 14:6). Die Volle Evangelie sluit ongetwyfeld ook die profetiese deel vir die eindtyd in.

Ons betree nou die laaste fase waarin Hebreërs 13:8, Johannes 14:12, Markus 11:22 en baie ander skrifgedeeltes sal realiseer. Eerw. Branham het keer op keer na hierdie drie verse verwys. Male sonder tal het hy gesien hoe dit letterlik vervul word in sy bediening, soos in geen ander tyd sedert die dae van Jesus Christus. Ons moet seker maak dat alles volledig met die Woord van God ooreenstem. Die vraag is nie of ons 'n man aanvaar of verwerp nie, maar of ons deel het aan God se werk. Ons moet die feit in die gesig staar dat die HERE weereens in eenvoud bekend gemaak is. Dit is aan HOM wie ons op die dag van oordeel moet verantwoording doen en nie aan 'n mens nie. Waar so 'n formidabele bonatuurlike bevestiging plaasgevind het, is alle menslike argumente nietig.

Ek is daarvan oortuig dat die boodskap wat aan ons in hierdie laaste kerkeu uit die Woord van God gebring is, die wederkoms van Christus voorafgaan. Alle ware gelowiges gaan dit aanvaar en hulself daarvolgens toerus en sal so die voleinding beleef. Ons kan verwag dat God binnekort die magtige dinge, wat Hy belowe het, deur die bruidgemeente gaan vervul. Sodra elkeen sy plek in die liggaam van Christus gevind het, gaan die HERE ons in Sy Woord en in Sy Gees verenig en die uitverkorenes lei tot die grootste

oorwinning van alle tye. Dan sal die geskrewe Woord in hulle die lewende gesproke woord word, deurdat die krag van God daarin geopenbaar sal word. Hulle is onder die oorwinnaars, waarvan die beloftes gegee word in Openbaring 2 en 3.

Soos in Haggai 2:6 en Hebreërs 12:26 belowe is, sal God nog eenmaal weer die aarde en die hemel laat bewe. Dan word die woord in Hoséa 2:20 vervul: "*En in dié dag sal Ek verhoor, spreek die HERE, Ek sal die hemel verhoor en dié sal die aarde verhoor*". Dan sal die gelowiges bid, soos geskrywe staan: "*Bid tot die HERE om reën in die tyd van die laat reëns ...*" (Sag. 10:1). Soos reeds uitgewys, sal dit die tyd van verkwikking wees, voor die wederkoms van Jesus Christus, soos belowe is. Die oestyd is hier. Die HERE van die oes spreek vandag dieselfde ding wat Hy aan sy dissipels gesê het: "*Die oes is wel groot, maar die arbeiders min. Bid dan die HERE van die oes, dat Hy arbeiders in sy oes mag uitstuur*" (Matt. 9:37-38). "*Want Hy volbring 'n saak en verkort dit in geregtigheid, omdat die HERE 'n saak wat verkort is, op die aarde sal doen*" (Rom. 9:28).

*Onse Vader wat in die hemele is,
Laat U Naam geheilig word.
Laat u koninkryk kom.
Laat u wil geskied, soos in die hemel
net so ook op die aarde.
Gee ons vandag ons daaglikse brood.
En vergeef ons ons skulde,
soos ons ook ons skuldenaars vergewe.
En lei ons nie in versoeking nie,
maar verlos ons van die Bose.
Want aan U behoort die koninkryk en die krag
en die heerlikheid tot in ewigheid. Amen.*



Hierdie foto met die bonatuurlike lig strook bo-oor die hoof van Eerw. Branham was afgeneem op 24 Januarie, 1950, tydens 'n byeenkoms in Houston, Texas deur 'n pers fotograaf. Die Douglas Foto Ateljee in Houston, het die film oorhandig aan Dr. George J. Lacy, wie op daardie stadium verantwoordelik was vir die ondersoek van verdagte dokumente. Nadat hy 'n deeglike ondersoek gedoen het, bevestig hy toe die egtheid van die foto: **“Ek is van vaste oortuiging, dat die voorgelegde negatief onaangeraak was, ook nie dubbeld aan lig blootgestel was nie. Verder is ek ook oortuig dat die lig strook bo-oor die hoof veroorsaak is deur 'n lig wat die negatief getref het.”**



Hierdie foto wys die Internasionale Sending Sentrum In Krefeld, Duitsland. Op linkerkant is die kerk-gebou met sy meer as 550 sitplekke in die hoof ouditorium, en 'n verdere 150 op die balkon. Dan sien mens die twee sending-geboue wat die kantoor, drukkers en verspreiders fasiliteite bevat. Ook sigbaar is die gebou wat die slaapsale huisves vir die gaste wat van oor die wêreld kom deelneem aan die spesiale byeenkomste, wat plaasvind die eerste naweek van elke maand. Die perseel het ook genoegsame parkeer areas.

Onse dierbare HERE, wie in Sy wysheid aan alles gedink het, het voorsien op elke moontlike manier sodat Sy ewige Woord hiervandaan die ganze wêreld in kan gaan. Klank- en video-opnames en ander literatuur word ook hiervandaan uitgestuur na meer as 130 lande, in van die mees-gebesigde tale van die wêreld.